VAN DIE REDAKSIE

Die *NGTT* is daarop gemik om navorsing in uiteenlopende teologiese vakgebiede, maar ook uit ander vakrigtings in gesprek met die teologie te publiseer. Lesers van die jongste uitgawe sal merk dat bydraes uit die Bybelwetenskappe (Potgieter, Snyman, Van der Watt, Viljoen), die praktiese teologie (Cilliers, Dames, Tucker), die sendingwetenskap (Duncan, Venter en Jurgens), die kerkgeskiedenis (Neele), die kerkreg (Strauss), die sistematiese teologie (Conradie, Hesselink, Leder, Smit) en die etiek (Du Plessis) aan die woord kom. Afgesien hiervan is daar navorsingstukke uit die godsdienswetenskap wat op die ontleding van die kultusbegrip (Pretorius) en aspekte van die Hindoe-tradisie (Sukdaven) fokus. (Verskeie van die artikels wat hier vermeld word, sou onder meer as een van die genoemde vakrigtings geklassifiseer kan word.)

Ewe belangrik is die verskeie universiteite waaruit bydraes in die loop van jare aangebied is en die feit dat artikels in veral Afrikaans en Engels gepubliseer word. 'n Voordeel van die aanlyn-publikasie is dat 'n tydskrif in meer as een taal – wat byvoorbeeld Xhosa, Nederlands of Duits as hooftaal vir publikasie gebruik – beskikbaar kan word deurdat 'n anderstalige weergawe van 'n publikasie in 'n uitgawe elders op die internet toeganklik kan wees met 'n elektroniese skakel daarna in die betrokke tydskrif.

Verder kan lesers gerus daarvan kennis neem dat aanlyn-gesprekvoering oor elke tydskrif kan plaasvind. Akademiese skrywes bied geleenthede nie net vir kennisname nie, maar ook vir deurlopende gesprekke.

Lesers word verder daarop gewys dat boekresensies nie per uitgawe van die tydskrif gepubliseer word nie, maar op die deurlopende verskyning van sulke bydraes aanlyn op hulle eie by http://ngtt.journals.ac.za/pub/issue/view/7/showToc.

**Dr Gerrit Brand**
*Redakteur*
Junie 2012